

7 November 2021

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Markus 12:38-44

wat wil jy vandag **bereik**?
Jesus laat ons anders kyk na godsdiens en na mense.

ons **storie**: waar is ons nou?)

Watter dinge sien jy gewoonlik maklik raak as jy dit soek?

Watter dinge sien jy nie maklik raak as jy dit soek nie? Wie help jou gewoonlik daarmee?

Hoe sien 'n mens God se kinders gewoonlik eerste raak? Is daar 'n ander manier om ook te kyk?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **Markus 12:28-34** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts
praktiese wysheid...



Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor. Vrae oor die teks word gevra.


3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Speel die speletjie "ek sien iets met my klein ogie wat begin met 'n ...". Gee vir 'n paar mense kans om "aan" te wees.

As alternatief kan julle vir 'n slag iewers gaan stap, of 'n ingang of uitgang by die gebou gebruik wat julle nie baie gebruik nie. Vertel vir mekaar wat jy alles raaksien wat jy nie gewoonlik sien nie.



gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Oupa Abie jou om oor die teks te dink?

Hoekom sien Jesus die weduwee se aksies raak?

Hoekom mis al die ryk en belangrike mense die aksies van die weduwee?

Hoe help Jesus sy dissipels om op te let waarna hulle kyk?

ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons)

Hoe nooi Jesus jou vandag uit om anders te kyk na mense?

Wat sal gebeur as ons met Jesus se gesindheid na mense kyk?
Watter dinge sal nie meer so baie tel nie? Watter dinge sal meer vir
ons tel?

Wat wil jy dalk verder oor gaan dink en wonder?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou
geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Vra God om ons anders te laat kyk na die wêreld en na mense.

Bid vir mekaar, sodat ons liefde vir God sigbaar sal wees in die
manier hoe ons na mense kyk.

